**29 September** **Skrifgedeelte: Matteus 18:15-20**
**Fokusgedeelte: Matteus 18:15**

**Jou broer se sonde is jou saak!**

Ons lewe in 'n tyd waarin mense al hoe meer begin glo ander mense se sonde hulle eie saak is: Dit het niks met my te doen nie en ek het geen reg om my neus daarin te steek nie. Daarteenoor sê Jesus prontuit: "As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is." Dit beteken dat ander se sonde wel my saak is. Ek kan nie maar anderpad kyk en maak of dit niks met my te doen het nie. Dit sou immers liefdeloos wees. Boonop sou dit ongehoorsaamheid aan die Here wees.

Ter wille van die eer van die Here en ter wille van die behoud van my broer moet ek hom gaan vermaan as dit nodig is. As hy na my gaan luister, het ek my broer teruggewen. Wat kan belangriker wees en groter bevrediging gee as om my broer terug te wen?!

Hoe gaan jy reageer as iemand jou vandag gaan vermaan?

*Sing: Psalm 32:3* *Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*